KORONA-VIRUSSIEKTE 2019 (COVID-19)

WAT IS KORONA-VIRUSSIEKTE 2019?

Koronavirusse is 'n groot groep virusse wat algemeen onder diere voorkom. Die virusse kan mense siek maak, dikwels met 'n matige tot redelike infeksie van die boonste lugweg, soortgelyk aan 'n gewone verkoue.

'n Nuwe koronavirus genaamd COVID-19 is in China geïdentifiseer en word met die uitbreek van longontsteking geassosieer.

HOE DIT VERSPREI

Die COVID-19 versprei hoofsaaklik deur asemhalingsdruppels wat geproduseer word wanneer 'n besmette persoon hoes of nies.

Die COVID-19 word versprei deur:

- Die lug waneer iemand met COVID-19 hoes of nies
- Nabye persoonlike kontak, soos aanraking of hande skud
- Aan 'n voorwerp of oppervlak te raak met die virus daarop, en dan aan jou mond, neus of oë te vat voordat jy jou hande gewas het



SIMPTOME

Matige tot ernstige asemhalingsiekte met

- koors
- hoes
- asemhalingsprobleme
- keelseer

Die volledige kliniese situasie met betrekking tot COVID-19 is nog nie heeltemal duidelik nie. Pasiënte met onderliggende siektes en bejaardes blyk 'n groter risiko vir ernstige siektes te hê.

WIE HET 'N GROTER RISIKO?

Tans het reisigers na Wuhan, China, en ander areas wat geraak word 'n groter risiko vir infeksie.

BEHANDELING

Behandeling is ondersteunend (bv. verskaf suurstof vir pasiënte met kortasemrigheid of behandeling vir koors).

- Daar is geen spesifieke behandeling beskikbaar nie
- Antibiotikum kan egter benodig word as sekondêre bakteriële infeksie ontwikkel.

VOORKOMING

Daar is tans geen entstowwe beskikbaar wat jou teen infeksie met COVID-19 beskerm nie. Beperk oordrag so:

Was jou hande gereeld

Vermy aanraking met ongewaste hande

Vermy kontak met mense wat siek is

bedek jou hoes of nies met 'n sneesdoekie en gooi dit weg

As jy minder ernstig siek is, neem baie vloeistof in, bly tuis en rus.

MAATREËLS IN PLEK

Ondersoeke vir koors is in plek by internasionale lughawens.

- Prosedures is in plek vir die opsporing, isolasie en hantering van gevalle om 'n vinnige diagnose te maak
- Alle gesondheidsfasiliteite is in staat om vermoedelike of bevestigde gevalle te hanteer en dit na die toepaslike verwysings- of aangewese hospitaal te verwys
- Protokol is in plek vir opvolg van diegene wat met iemand met COVID-19 in kontak was, om te verseker dat die virus nie versprei nie

Vir meer inligting
www.westerncape.gov.za/coronavirus

kontak die **24-uur openbare blitslyn 0800 029 999**

Wes-Kaapse Regering
Gesondheid